**Saterdag 25 Julie**
**Skrifgedeelte: Joël 2:12-17**
**Fokusgedeelte: Joël 2:12-13**
**In sy lankmoedigheid gee God genadetyd: Kom terug na My!**

Het jy al in die Karoo in daardie verskriklike sprinkaanswerms oor 200 km met jou voertuig beland? Skrikwekkend!

In Joël 1 word die verskriklikste sprinkaanverwoesting beskryf. Wat die afknypersprinkaan laat oorbly, verslind die treksprinkaan. Daarna het die voetgangersprinkaan en die kaalvretersprinkaan die laaste bietjie groen verorber.

Hoekom? Die volk het in sonde verval, weg van die Here in ’n valse vredevolle bestaan. Skielik is al die graanlande, wingerde en vyebome, wat vrede en welvaart simboliseer, verwoes! Daar is geen vrede meer tussen die volk en God nie, geen graan- en drankoffer in die huis van die Here. Die waarskuwing kom: Die dag van die Here, die dag van oordeel kom! God kon dadelik die oordeel vel, maar hy doen dit nie! Nee, God is genadig en barmhartig, lankmoedig en vol liefde! Wat beteken lankmoedig? Letterlik dat God “stadig kwaad” word, geduldig is. In sy liefde gee God geduldige liefdevolle genadetyd en verklaar: *Kom met julle hele hart terug na My toe! Skeur julle harte, nie julle klere nie.*

Ons verval ook maklik in ’n wêreldse vredevolle geloofslewe. So dwaal ons weg van God en word hy ’n nood-god. Maklik word ons dronk van onsself en die lewe-lewe. Kom ons hoor ook opnuut God se stem: Kom met jou hele hart terug na My! God gee in sy liefde genadetyd vir ons deur Jesus Christus. Die “dag van die Here” is vir alle mense die wederkoms van Jesus Christus waarop die finale algehele oordeel plaasvind. Indien ons sterf voor Jesus weer kom, is ons sterfdag die persoonlike dag van oordeel.

Gryp God se genadetyd aan terwyl Hy nog lankmoedig is, keer van harte terug na Hom en bly wandel in sy weë.

*Sing: Psalm 145-1:5, 10*

*Ds J (Joop) van Schaik (Randburg)*